



ANDER MAATREËLS VIR KINDERBESKERMING

(1) Kinderbeheerde huishoudings

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet beskryf 'n kinderbeheerde huishouding as 'n huishouding waar al drie die volgende omstandighede teenwoordig is:

1. Die ouer of versorger van die huishouding is terminaal siek of reeds dood.
2. Daar is geen volwasse familielid wat vir die kinders in die huishouding kan sorg nie.
3. 'n Kind het die rol van versorger vir 'n ander kind in die huishouding oorgeneem.

As 'n kinderbeheerde huishouding geïdentifiseer word, moet dit onder toesig geplaas word van 'n volwassene wat benoem is deur die Kinderhof, of 'n volwassene wat deur 'n staatsagentskap benoem is, of 'n nie-regeringsorganisasie (NRO) wat aangewys is deur die Minister vir Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn. Die kind wat die huishouding beheer kan nog steeds die daaglikse besluite omtrent die huishouding en die kinders daarin neem. Waar volwasse tussenkoms nodig is, moet die kind wat in beheer van die huishouding is geraadpleeg word. Die ander kinders in die huishouding moet ook geraadpleeg word as hulle verantwoordelik genoeg is om 'n betekenisvolle opinie uit te spreek. Die aangewese staatsagentskap of NRO kan die toelaes vir die huishouding gaan haal en namens die huishouding bestuur. Die konsepwet laat nie toe dat die individuele volwassene wat oor die huishouding toesig hou, die toelaag bestuur nie.

BESPREKINGSPUNTE

- Ⓞ Watter kriteria moet gebruik word om kinderbeheerde huishoudings te identifiseer?
- Ⓞ Watter soort spesiale ondersteuning is nodig vir 'n kinderbeheerde huishouding?
- Ⓞ Wie moet die toelaes vir kinderbeheerde huishoudings gaan haal en bestuur?
- Ⓞ Watter rol moet die toesighoudende volwassene hê?
 - Ⓞ Kan die kinders klagtes aanhangig maak teen hierdie volwassene as dit nodig sou wees? Indien wel, by wie?

(2) Die ergste vorms van kinderarbeid

Artikel 15 van die Namibiese Grondwet beskerm kinders teen uitbuitende arbeidspraktyke. Namibië het ook die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) Konvensie op die Verbod en Onmiddellike Eliminering van die Ergste Vorms van Kinderarbeid onderteken. In hierdie konvensie word die ergste vorms van kinderarbeid gedefinieer as:

- Ⓞ kinderhandel en -slawerny
- Ⓞ kommersiële seksuele uitbuiting van kinders
- Ⓞ kinders wat deur volwassenes gebruik word om misdade te pleeg
- Ⓞ werk wat die gesondheid, veiligheid of moraal van die kinders skade kan berokken.

Die Arbeidswet 11 van 2007 gee uitvoering aan die Grondwet en die ILO Konvensie. Dit is onwettig om 'n kind wat jonger as 14 jaar is, in diens te neem, en daar is beperkings op die tipe werk wat toelaatbaar is vir kinders tussen die ouderdomme van 14 en 18 jaar.

Die Konsep Kindersorg-en Beskermingswet sal bykomende bepalinge maak rakende die ergste vorms van kinderarbeid. Hierdie bepalinge is baie vaag verwoord, sonder veel definisie en besonderhede:

- Ⓞ Dit sal 'n misdaad wees om 'n kind aan te bied of te gebruik vir kommersiële seksuele uitbuiting.
- Ⓞ Dit sal 'n misdaad wees om 'n kind aan te bied of te gebruik vir kriminele aktiwiteite, insluitend dwelmproduksie en -handel.
- Ⓞ Dit sal 'n misdaad wees om 'n kind te dwing om arbeid vir enige persoon te verrig, met of sonder betaling.
- Ⓞ Dit sal 'n misdaad wees om 'n kind aan te moedig of te dwing om werk te verrig wat moontlik skadelik kan wees vir sy of haar gesondheid, veiligheid of moraal, of werk wat kan inmeng met sy of haar welsyn, opvoeding, gesondheid of ontwikkeling.

BESPREKINGSPUNTE

- Ⓞ Watter soort “werk” of “arbeid” word kinders in Namibië gedwing om te doen?
- Ⓞ Moet die wet spesifieke oortredings insluit wat verband hou met die gebruik van kinders in pornografie, kinderprostitusie, en enige ander vorms van seksuele uitbuiting van kinders?
- Ⓞ Vir watter soorte openbare vermaak of winsgewende aktiwiteite moet ouers toestemming kan gee (soos toneelspeel, modellering, advertensies, skoonheidskompetisies of ander optredes)?
 - Ⓞ Moet kinders op hul eie toestemming kan gee vir sulke aktiwiteite, en indien wel, op watter ouderdom?
 - Ⓞ As sulke aktiwiteite toegelaat word, moet daar enige wetlike vereistes wees dat die inkomste in ’n fonds gehou word vir die betrokke kinders of dat dit tot hulle voordeel aangewend word?
- Ⓞ Wat moet gebeur in ’n geval waar ’n kind vrywillig bedel (in teenstelling met gedwing word om te bedel)? Wat moet gebeur as die kind ’n ouer vergesel wat bedel?
- Ⓞ Wat moet gebeur met ’n kind wat betrokke is by informele werk, soos straathandel?
- Ⓞ Moet daar enige spesifieke reëls wees oor werk wat deur ’n kind verrig word binne die kind se familie of huishouding, as sulke werk op enige manier skadelik kan wees vir die kind?

(3) Kinderveiligheid by vermaaklikheidsplekke

In bepaalde omstandighede moet vermaaklikheidsplekke stappe doen om te verseker dat kinders vermaak word in veilige omgewings.

In gevalle waar –

- Ⓞ toegang tot die plek trappe, roltrappe of hysbakke het
- Ⓞ die meerderheid van die mense wat die vermaaklikheid sal bywoon, kinders sal wees
EN
- Ⓞ die totale aantal mense wat daar sal wees (volwassenes plus kinders) na verwagting meer as 50 sal wees,

moet die eienaar/vermaaklikheidsverskaffer –

- Ⓞ die maksimum aantal mense wat met veiligheid op die plek geakkommodeer kan word, bepaal
- Ⓞ genoegsame volwasse opsigtors plaas om te verseker dat hierdie maksimum getal nie oorskry word nie
EN
- Ⓞ die beweging van mense terwyl hulle in- en uitgaan, kontroleer en ander aanvaarbare veiligheidsmaatreëls tref.

BESPREKINGSPUNTE

- Ⓞ Watter geleenthede moet gedek word deur reëls wat ontwerp is om kindergehore te beskerm?
- Ⓞ Watter stappe moet van die aanbieder van die geleentheid vereis word om kinders te beskerm?

(4) Misdade rakende mishandeling en verwaarlosing

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet herhaal die huidige wet op mishandeling en verwaarlosing. Dit is ’n misdaad vir ’n ouer, voog, versorger of enige persoon wat ’n kind vrywillig versorg, om ’n kind te verlaat, te mishandel of doelbewus te verwaarloos. Dit is ook ’n misdaad vir enigiemand wat wetlik verantwoordelik is vir ’n kind se onderhoud om na te laat om die kind te voorsien van genoeg kos, klere, verblyf en mediese hulp – as die persoon die vermoë het om hierdie dinge te verskaf.

BESPREKINGSPUNTE

Is daar enige ander misdade teen kinders of enige ander beskermende maatreëls wat in die nuwe wet ingesluit moet word?

WAT DINK JY?

SMS: 0814241591
E-pos: CCPA@lac.org.na
Faks: 088613715
Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die
Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak
Monalisa Zatjirua (061-2833116) of
Celeste Feris (061-2833179) by die
Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,
of Rachel Coomer by die
Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die
Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,
gefasiliteer deur die Legal Assistance Centre
en ondersteun deur UNICEF.

